PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXVI VRYDAG 26 FEBRUARIE 1971 Nr. 1

J. Heidema
Kerkstraat 48
Potchefstroom
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIE FIETSWINKEL



Rektor se Boodskap vir 1971

ONS gee die tweede tree in die dekade sewentig van ons eeu, en die wêreldtoestand, en daarmee saam die van ons land, het nie makliker geword nie.

Vanuit baie oorde word daar gesoek na verklarende oplossings en word daar raad gegee, so veelvuldig dat ons nie al dae weet her- of derwaarts heen nie.

Die afgelope aantal jare al spits die wêreld hom daarop toe om die Republiek van Suid-Afrika op alle lewensterreine te isoleer, om ons tot 'n betekenislose faktor in die internasionale politiek te maak, in die ekonomie, die kultuur, selfs in die sfeer van die wetenskap. Daarin dat daar in talle gewestes aangedring word op die uitskakeling van ons wetenskaplikes en vir die ontbinding van die bevoegdhede van die verteenwoordiging van ons land.

En hier lê 'n gevaar wat gewis nie denkbeeldig is nie. Ons land is in die wêreld so sterk as wat ons in staat is om ons vir die wêreld onontbeerlik te maak op al die vlakke waarop ons isolasie beplan word. En dit sal in so 'n mate gedoen moet word dat ons ons selfs sal moet opdring waar daar geen oor vir ons is nie.

Met die posisie van die P.U. vir C.H.O. in ons vaderland is dit in baie opsigte net soos met ons land in die wêreld gesteld. Hoe meer ons deur die ware wat ons aanbied ons mense van ons afhanklik kan maak, hoe sterker sal ons gedy. Maar hierdie afhanklikheid werk nie net van een kant af nie. Deurdat hulle ons ware gebruik, word ons ook van hulle afhanklik. En nou is die eienaardige dat so 'n onderlinge verweefdheid en aangewesenheid op mekaar lei tot groter selfstandigheid en vryheid.

Hierdie skynbaar paradoksale situasie sal vorentoe al skerper en feller word en die mate waartoe ons daarin kan slaag om dit skynbaar te hou, na daardie maat sal ons vooruitgaan, ons land, maar ook die P.U. vir C.H.O.

Soos ons die leer van die jare sewentig bestyg, sal hierdie eis ook groter omvang aanneem, sal ons taaier vermoëns moet kweek en sal ons helderder hoogtes bereik.

Die P.U. vir C.H.O. neem hierdie uitdaging van 1971 met dankbaarheid aan en roep al sy mense op om gelowig en nugter die hand aan die ploeg te slaan en dan sal ons met die seën van die Here slaag, nie as 'n eindvoldoening in sigself nie, maar tot die eer van ons Skepper, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is.

1200 Nuwe Pukke

'n Rekordgetal eerstejaars is op 5 Februarie 1971 by die P.U. vir C.H.O. ontvang en dadelik is begin met 'n intensiewe oriënteringsprogram van twee weke lank. Vanderbijlpark alleen het gesorg vir meer as 350 van die totaal van sowat 1200 studente. Hiervan is sowat 200 van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

Op 5 Februarie is die ouers saam met die studente by die Universiteit onthaal en was daar ook geleentheid om dosente te ontmoet en kursusprobleme te bespreek.

Die eerste week van die oriënteringsprogram het bestaan uit die afhandel van administratiewe sake en was daar ook kursusvoorligting deur die dekane, ontmoetings met voogdosente, huisvaders en predikante van die verskillende kerke.

Verwelkomingstoesprake is ook gelewer deur die studenteraadsvoorsitter en die voorsitters van ander studenteliggame. Voorsiening is gemaak vir rolprentvertonings, sport- en fiksheidstoetse en die aanleer van sportliedjies.

Sedert die aankoms van die senior studente op 12 Februarie het die oriënteringsprogram in al die koshuise in alle erns (of luim!) begin. Studenteoorspronklikheid was aan die orde van die dag en die tradisionele ken-mekaar-om-die-kampus het daartoe bygedra dat seniors en juniors gladnie vreemdelinge gebly het nie.

Die oriënteringsprogram is op Saterdag 20 Februarie afgesluit met 'n puik dinee in die vorm van 'n buffetete.

Fakulteit van Ingeneurswese – Onus op Universiteite

Luidens 'n verklaring van die Departement van Beplanning op 30 November 1970, het die kabinet besluit om geen nuwe fakulteite van Ingineurswese in te stel nie. Die rede is dat daar geen akademiese of finansiële regverdiging voor bestaan nie.

Dit word aanvaar dat meer ingineurs opgelei moet word, maar dit moet dan by bestaande ingineursfakulteite geskied. Hier moet uitbreiding plaasvind om ook vir nagraadse opleiding en navorsing voorsiening te maak.

As die universiteite onderling [illegible] studente [illegible] nie 'n ingineursfakulteit is nie, by bestaande fakulteite kan voort gaan, moet die vier universiteite wat nou poog om 'n Ingineursfakulteit te kry, begin met die vooropleiding en so uiteindelik die behoefte vir 'n onafhanklike fakulteit bewys. Dit sluit in 'n opsionele B.Sc.-kursus met eerste- en tweedejaars kursusse in ingeneursvakke.

Sodoende word die druk op bestaande volwaardige fakelteite verlig en sodra genoeg studente die kursusse volg en die slaagsyfer bevredigend is, sal die departement by die van natuurwetenskappe ingesluit [illegible] fakulteit te word.

Minister by Gradeplegtigheid

Senator J. P. van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding en prof. G. J. Jordaan, ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysraad sal die sprekers wees met die gradeplegtigheid op 23 en 24 April 1971 op Olënpark.

Senator van der Spuy sal met die plegtigheid op Saterdag praat, wanneer die nagraadse diplomas en -grade toegeken word, en prof Jordaan die [illegible] voorgraadse diplomas en -grade

Daar hê'jy dit!



Ek't aan my ma geskryf watse kos julle my gee.

SALON VIOLETT
(VOORHEEN BULT DAMESHAARKAPPERSALON)



Doreen



Annette

Vir flinke diens en netjiese kapsels

TOMSTRAAT 86a TEL. 8071
POTCHEFSTROOM

WAPAD-REDAKSIE

Persone wat belangstel om in die redaksie van *Die Wapad* te dien kan aansoeke in die bussie van *Die Wapad* plaas. Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige adres en telefoonnommer. Verskeie poste is nog vakant.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

Groot Tekort aan Topmanne —Universiteite moet byhou

Die groeikoers van universiteite en hul „produkte" sal moet tred hou met die land se algemene ekonomiese groeikoers. Opvoeding, ook uit ekonomiese oogpunt gesien, is een van Suid-Afrika se belangrikste „nywerheidsfaktore" vir die toekoms, het mnr. J. P. Coetzee, algemene bestuurder van Yskor, verlede Vrydagaand op Potchefstroom gesê.

Mnr. Coetzee het gepraat by die amptelike opening van die Potchefstroomse Universiteit en het die opmerking gemaak dat onderwys die duurste vorm van kapitaalbelegging in enige ontwikkelende land is. Dit is ook die belegging wat die grootste moontlikhede inhou.

Dit sou dus onverstandig en skadelik wees as die hoogsmoontlike opbrengs uit so 'n belegging nie verwag word nie, het hy gesê.

„Suid-Afrika het 'n groot behoefte aan hoogs-gekwalifiseerde mense in alle vertakkinge van nasionale bedrywigheid. Ons kan eenvoudig nie bekostig om die dienste van 'n enkele jongman of -meisie te ontbeer indien hulle die intellektuele vermoë en ander eienskappe het om gevorderde onderwys te ontvang nie", het spr. gesê.

Die rede hiervoor is dat 'n baie groter veld van hulp bedien moet word as net die blankes. „Daar is geen blanke gemeenskap ter wêreld op wie se intellektuele vermoëns en kragte so 'n groot aanspraak gemaak word as juis die blankes van die Republiek nie.

„Dit kom daarop neer dat die blanke bevolking van skaars vier miljoen die leiers op byna alle terreine van die sameleweing van 21 miljoen mense moet lewer", het spr. gesê. Mnr. Coetzee het bygevoeg dat daar nie net 'n tekort aan geskoolde werkers is nie, maar 'n groot tekort aan topmanne — die leiers in die land se ekonomie.

Volgens hom moet daar vir eens en altyd vergeet word dat net 'n „paar uitgesoektes" besonder goed opgelei word en ander nie so goed nie. Die tye waarin ons tans leef noodsaak ons om die maksimum-ontwikkeling van elke individu op elke vlak na te streef. Daarom moet die groeikoers van universiteite en hul „produkte" tred hou met die algemene ekonomiese groeikoers.

DANK AAN STUDENTE

Mnr. T. R. Grimbeek, hoof van die Potchefstroomse Brandweer, het verlede week sy dank uitgespreek teenoor die studente wat by die huis van mnr. en mev. Solly Bortz, regoor Oosterhof, gehelp het om meubels uit te dra.

Hulle was 'n groot hulp gewees en die studente het hulle aan dissipline onderwerp wat onmiddellik 'n spangees opgebou het, het hy gesê.

Mans en vroue het saam gehelp om die kettings te vorm en goed uit te dra.

„Dit is goed om te weet dat daar mense op Potchefstroom is op wie daar ten tye van nood staatgemaak kan word", het mnr. Grimbeek gesê.

SASKI VOLG DIE A.S.B.

Drie studente van die Universiteit van Stellenbosch, Hans Evenhuis, Jean Nortje en Paul van Elzen, aldrie lede van Saski (Suid-Afrikaanse Studente Kontak Internasionaal) het gedurendie afgelope somervakansie 'n toer deur Europa angepak. Die hoofdoel van hierdie reis was om persoonlike kontak met studenteorganisasies aldaar te maak.

Hierdie besoek vind plaas tydens die besoek van die redakteur van *Die Wapad* aan die V.S.A. in opdrag van die A.S.B.-Hoofbestuur. Dit is die derde soortgelyke besoek wat die A.S.B. laat plaasvind. Die eerste twee besoeke is ook aan verskeie Europese lande gebring.

Sowel die A.S.B. as Saski sal volledige verslae uitbring oor die heersende toestande op studentevlak.

Mnr. Faan Coetzee, Redakteur van *Die Wapad*, keer aan die begin van Maart terug na die Republiek.

In 'n brief wat van mnr. Coetzee ontvang is, sê hy dat hy 'n baie druk program beleef in die V.S.A. en baie onderhoude moet voer. Hy skryf egter dat hy baie gasvry ontvang word en dat die Amerikaners bereid is om na Suid-Afrika se standpunt te luister.

PRIVAAT TIKWERK

Indien u tikwerk wil laat doen, skakel mev. Cecile Matthee, Tel. 5483, Albert Nelstraat 15, Potchefstroom.



Dit het toe gearriveer, nogal in al dit se glorie. Hy, skuins agter die stuurwiel van pa se blink motor ingetrek, met die kop net ver genoeg by die venster uit om die gebrul van die uitlaatpyp te kan inadem. Later, die (nuwe) baadjie nonchalant oor die skouer, op die uitkyk vir die nuwe fondse wat so los rondloop. Sy, of baie skaam of baie tuis, maar meestal met 'n en - wat - maak - jy - hier - houding. So gaan dit elke jaar, en uit die goedheid van ons harte is ons maar bereid om dit te vat en hulle te „verwelkom". Ingeskakel, georiënteer, gewas en gepolitoer om van boet en sus, meneer en juffrou te maak. Hang laag, eerstejaars. Dit beteken, bly op die grond, meneer en juffrou. Dit is my nuwejaarswens vir julle (effens ge-yk maar baie van pas).

Nou dat ek my stukkie sinisme kwytgeraak het soos van my verwag word, dawer my harlekynlag op 'n effens ander toonhoogte — 'n bietjie nader aan histerie, maar darem nog oor die kampus. Maar oor 'n kampus wat vir sy tweeweeklikse besoek na dokter Reflektor moet gaan. Die afwesigheid van lagplooie om die oë en mond? Die remedie is 'n vriendelike groet aan jou medestudente, Puk. Ongewone pyne in die nek en skouers? Die oorsaak daarvan kan een van twee dinge wees: of die eise van die akademie wat in die vorm van 'n volgelaaide boektas aan jou ongeoefende arm rem, of die afwesigheid van apparaat wat in die gangbare omgangstaal bekend staan as sleepbankies, as gevolg waarvan die lang ure in ongewone posisie op die voete pyne in die nek veroorsaak. (Absurb? Ag nee wat. Ek lees maar net my koerante. Dis maklik om sulke afleidings te maak as 'n mens net weet hoe).

Tja, duisende klasdrawwers met tienduisende goeie voornemens. Vanaf die ewige Fisikaspook tot sielkundiges, aptekers, regsmense, joernaliste en wat dies meer sy. En in die buitewêreld? Bruê, konstruksies, damme, paaie, allerhande prosesse en fieterjasies. Hoekom? As gevolg van die groot oorskot aan ingenieurs, natuurlik. Duisende van daardie specie loop los rond en wag net om gevang te word. Daarom hulle afwesigheid van ons lysie hierbo.

Lekker swot en stywe lyne!
Reflector.

Alabama beplan splinternuut

Nadat ons die afgelope paar jaar met Alabama uitbundig, romanties, gesofistikeerd, baldadig en ingetoë kennis gemaak het, staan klank en lig vernuwing vanjaar voorop!

Met 'n nuwe dekade het die tegniek nou finaal sy stempel op Alabama afgedruk wat die klank betref, sal ons ons ore nie kan glo nie. Interessante byklanke sal die atmosfeer verdiep, terwyl bo-aardse en onderaardse effekte deur elektroniese musiek geskep gaan word.

Alabama is egter ook iets vir die oog — die tegniei is al van verlede jaar af druk bedrywig met apparaat. Nog meer as verlede jaar gaan kleureffekte oorheers. Wie onthou nie „Wondering Star", „Wonderful World", uit vorige Revue's nie. Die term vir vanjaar se beligting is kinetiese beligting.

Kostuums gaan kleurryk en die verskeidenheid daarvan nog groter! Nie net die dames nie, maar ook die mans gaan in interessante kleure vere pronk.

Waarvoor ons al lank wag gebeur hierdie jaar. Ons gaan die orkes op die verhoog te sien kry. In een woord Alabama gaan vanjaar splinternuut wees!

Die program bestaan uit nuwe liedjies, ou bekende treffers soos tema uit „Kelly's Heroes" naamlik „Burning Bridges" en boweal Afrikaanse liedjies. Johan van Rensburg het 'n aantal verwerkings van „oubekendes" gemaak asook 'n paar oorspronklike komposisies.

Die toer Juliemaand sal Oos-Transvaal, Wes-, en Oos-Rand asook die Vaal-driehoek dek.

Voornemende sangers en musikante wat die belewenes van 'n Alabamatoer wil meemaak, moes hulle Dinsdag 23 Februarie in die Totiussaal vir keuring aanmeld. Daar word veral gesoek na blaasinsturmente soos trompette, tuba's, en ook na 'n trommer.

Vir Alabama gaan 1971 nie net nuwe uitdagings nie, maar ook nuwe moontlikhede bring.

KONGRESTEMA

„Die Kleurling" is gekies as tema vir die drie-en-twintigste Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond wat gedurende Julie 1971 op Stellenbosch gehou word.

OORLEDE

Mnr. Ammie van der Walt, hoof van die Tegniese Afdeling van die Universiteit, is op 3 Januarie 1971 oorlede.

Die begrafnis was op 6 Januarie 1971 uit die Gereformeerde Kerk, Noordbrug, Potchefstroom.

Vakansiewerk is bron vir laataand stories

„Vakansiewerk is noodsaaklik vir die student wat dit maar skraps het," was die mening van een van die studente wat deur *Die Wapad* genader is om te hoor wat hulle met hulself aanvang gedurende die lang vakansie aan die einde van die jaar. Dit het dan ook onmiddelik duidelik geword dat die meeste studente uitspring om te sorg dat die volgende jaar se finansiële sekuriteit wel iets is om van te praat.

Dit het ook aan die lig gekom dat die meeste studente in die beplanning van hul vakansiewerk, hul vakgebied eintlik buite rekening laat, omdat die salarisse wat aangebied word eintlik aan die belaglike grens as dit vergelyk word met wat halfgeskoolde arbeid 'n mens in die sak kan bring. Dit was dan ook duidelik dat van die studente hierdie feit betreur, want daardeur word hulle die geleentheid ontneem om praktiese ondervinding in hul gekose rigtings te bekom.

Baie studente agtervolg egter die glinstering van die groot geld, want dit kan 'n aangename en onbekommerde finansiële jaar op die kampus voorspel. Dit is dan wat hierdie aspek betref dat die wyduiteenlopendheid van die studente se belangstellings of dan wel ekonomies noodsaaklike belangstellings verstommende dieptes bereik. Werksgeleentheid word dan op 'n breë front deur studente ingepalm. Fabrieke, busverdienste, die S.A.S., apteke en winkels absorbeer dan jaarliks duisende studente om die werkerstekort so ietwat die hoof te bied.

Dit is veral in die verkoopslyn waar daar groot geld te verdien is vir die man wat die talent besit om onwillige kopers te oorreed dat hul bestaan daarvan afhang of hulle die spesifieke produk besit of nie. In hierdie kategorie val die verspreiders van allerhande huisbenodigdhede en dan ook die alomverwensde boeksmouse. Hierdie tipe werk vereis gedurige kontak met die publiek, maar die man wat suksesvol is, kan groot somme geld verdien, het een aspirant -boeksmous te vertelle gehad.

Sommige van die studente het hulle in betreklik verantwoordelike posisies bevind. Een student het in 'n fabriek gewerk waar polythene vervaardig word. Dit het beteken dat hy eers die hele proses moes bestudeer, sodat hy oor genoegsame kennis kon beskik om die nodige toesig oor al die fases van die hele ontwikkelingsproses kon hou. Sodoende was dit vir hom moontlik om oor die R700 los te slaan.

Die Spoorweë bied ook jaarliks geleenthede aan studente om 'n bietjie ekstra sakgeld te verdien. Verskeie studente het te vertelle gehad dat hulle as stokers en kaartjiesondersoekers en kelners diens gedoen het en assulks goeie salarisse ontvang het.

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
BY VOORKEUR

STUDENTE — ONTHAAL



Studenteraadslede van die P.U. met mnr. en mev. M. Singer, onderburgemeester en onderburgemeestersvrou van Potchefstroom. Van links is mej. P. van Rensburg, mnr. T. Bisschoff (penningmeester), mnr. K. Booyens (Polities Nasionale Bestuur), mej. G. Mentingh, mnr. en mev. Singer, mnr. S. Botha (Sosiaal Akademiese Bestuur) en mej. N. Marais. *Foto: R. W. Ingram.*



Die Potchefstroomse burgemeesterspaar, mnr. en mev. J. C. Oosthuizen (middel), het verlede week die laaste onthaal van hul ampstermyn in die stadsaal gehou toe hulle die studenterade van die P.U. en P.O.K. onthaal het. By mnr. en mev. Oosthuizen is van links, mej. G. Oosthuizen, mnr. G. Mare, voorsitter van die P.O.K.-studenteraad, en mev. en mnr. L. Wessels, Mnr. Wessels is voorsitter van die P.U. se Studenteraad. *Foto: R. W. Ingram.*



. . . en Ma moet net hoor waaraan moes ek RUIK by Dawie-Dup!

Vernuwing by Teologiese Skool — Rektor

„Dit is onvermydelik dat die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom 'n nuwe bedeling tegemoet gaan aangesien nuwe leerkragte al die ander, sommiges wat dekades aan aan die Skool verbonde was, binne 'n tydperk van vyf jaar vervang het," het die nuwe rektor prof. Tjaart van der Walt, in 'n onderhoud gesê.

Prof. Van der Walt (38), die jongste rektor wat nog aan die hoof van die Skool gestaan het, was 'n jaar lank hoogleraar en volg prof. S. P. van der Walt op.

Prof. Van der Walt het dit duidelik gestel dat daar nou nie noodwendig revolusionêre nuwighede ingevoer sal word nie, maar dat die kuratore en senaat eenparig besluit het om 'n omvattende ondersoek te onderneem na al die aspekte van die Teologiese Skool.



Prof. T. v.d. Walt.
Foto: Fotokuns.

Die vakke vir die propodeutiese studente sal ondersoek word Hier sal veral gelet word of dit nie wenslik sal wees dat Nuwe Testamentiese in plaas van Klassieke Grieks bestudeer word nie, en of daar nie 'n verskil tussen regs- en teologiese Latyn gemaak moet word nie.

Ondersoek sal ook ingestel word na metodes om die band tussen die propodeutici en die Teologiese Skool hegter te smee. Hierdie student moet reeds met sy eerstejaar-studie by die Teologiese Skool betrek word. Ook ten opsigte van die huidige metode van onderrig- die dikteerstelsel — kan 'n verandering vrugbaar wees. Waar dit per slot van rekening tog nagraadse studente is, sou seminaarklasse beter resultate kan lewer.

Hy het gesê dat die moontlikheid ondersoek sal word dat eerstejaarstudente aan die Teologiese Skool — soos die aan die universiteit — vroeër in die jaar kom vir afsonderlike orientering en inleiding tot die studie wat op hulle wag.

Dit is ook 'n vraag of die huidige stelsel om die student eers aan die einde van sy studie in sy hoofvakke te eksamineer, verantwoord is. As evaluasie eerder geskied, kan korrektief opgetree word.

Praktyk en teorie moet ook nader aan mekaar gebring word, miskien in die opsig dat die studente vroeër begin preek en dan jaarliks op toenemende skaal voortgaan.

Prof. Van der Walt het gesê dat wenke van die kerk in hierdie verband verwelkom sal word. Die Teologiese Skool het uit die hart van die Kerk gegroei en moet daar bly, dus moet die band so heg as moontlik gehou word.

Na al bogenoemde sake sal ondersoek ingestel word, sodra 'n kernkommissie met sodanige opdrag met die verkiesing van kuratore saamgestel word. Al sou sekere sake eers met die algemene sinode in 1973 bekragtig kan word, is die bedoeling dat besluite wat geneem word, sou gou as moontlik in werking moet tree.

Verwelkomingsdinee 'n Reuse Sukses

Saterdag twintig Februarie! Eenduidend vyhonderd sugte van verligting styg op. Die oriëntering is verby. Dore-rokke en draakborslappe word verruil vir mooi rokkies en deftige hemde en dasse of strikkies.

Gewese Drake kom huiwerig hulle dore vra vir die dinee. Onseker dore gaan om hulle ou here te ontmoet. Spanning, grappe, humor en verligting is op elke gesig te lees.

Nou! Dis hare was en rokke verstel. Dis pakke borsel en skoenpolitoer leen. Alles vir die dinee. Intussen arbei die seniors dat die klap om alles vir die nuwelinge reg te maak.

Sewe Dertig: Een na die ander word die ligte minder in die dameskoshuise. Aanhoudend die geroep van name en die „dankies" daarop.

Met onseker gemoed wag die heer, want hoe gaan sy lyk? Dore met selfvertroue en die daarsonder verskyn aan die botrap. O Vaderland! Wie is die regte een. Onsekere ontmoeting!

So het hulle die koshuise verlaat en spoedig aanknoping gevind, want die PUK se gees het om elke hoekie gelê en wag vir sy nuwelinge.

By kerslig en kosbelaaide tafels is gemeenskapsbande gesoek en gevind. Spoedig was almal in ligte luim en die dineesaal het geleef.

Hoe groot was die gevoel van inskakeling, en **Aanvaarding** as waardige PUKKE nie! Met elke verwelkomingsboodskap het die trotsheid gegroei. Nou lê daar vir elkeen 'n jaar van vreugde en arbeid voor. Menige verhouding gaan hieruit voortspruit.

Na dae van spanning was daardie trillende opgewondenheid tot barstens toe gelaai. Nou kan hulle hard lag en gekskeer.

Die puik optooing van die saal en geurig voorbereide kos het die „leed" die moeite werd gemaak.

Die terugkeer was traag. Tot twee-drie-uur was die ligte nog aan en was herkouing en gedagteopdiepinge nog die deure wat die slaap weggesluit het.

SIMPOSIUM

Genl. F. W. Loots, hoof van die afdeling Militêre Inligting van die Weermag, is die eerste spreker wat vanjaar deur die Sentrum vir Internasionale Politiek genooi is om 'n simposium toe te spreek.

Die simposium word volgende Woensdag, 3 Maart, in kamer 100 van die Frans du Toitgebou gehou. Genl. Loots sal praat oor „Die Kommunistiese indringing van die Indiese Oseaan" Die verrigtinge begin om halfagt en alle persone is welkom om dit by te woon.

BULT
DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.

Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.

Ons trek binnekort na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98.

TOMSTRAAT 90 TEL. 5574

A. VORSTER APTEEK
(Frans Nel, B.Sc.Farm.)
★
Octron-gebou
Lombardstraat
★
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„die potchefstroomse boekhandel"
TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

die WAPAD

WELKOM

Ek vertrou dat u in die stadium wanneer u hierdie artikel lees, volkome uitgerus is na die uitputtende vakansie en verkwik is met nuwe ywer om die leisels op te neem vir die jaar se veeleisende taak. Dit sal weereens 'n jaar belaai met opwinding, spanning en tientalle uitdaginge wees.

Welkom elke ingeburgerde Pukstudent. As seniorstudente is u ten volle bewus van die betekenis van 'n jaar aan die P.U. vir C.H.O. U weet wat dit inhou en omdat u oor die nodige kennis beskik, is u verantwoordelikheid twee keer meer as die oningeligte. Om te verseker dat die georganiseerde studentelewe aktief en prikkelend is, maak ons staat op u deelname. Dit sal u taak wees om sluimerende behoeftes en probleme in die studentelewe te identifiseer, maar u sal ook, vanuit u veranderde basis. mylpale vir die toekoms moet aandui. U is welkom om voort te bou aan die fondamente wat u reeds in die vorige jaar/jare gelê het. Bou ook voort, in dieselfde gees waarin u voorgangers dit gedoen het, aan die karakter en tradisie van hierdie Universiteit.

'n Besondere woord van verwelkoming aan die nuwe PUKKIES — more se seniors. Met die oriëntering iets van die verlede, het u nou vrye toegang tot die kampus. Dit staan u vry om te put uit die regte tradisie van hierdie inrigting en u is welkom om deel te neem aan dit wat vir u aangebied word, maar dit is u plig om die naam Pukstudent waardig te wees.

Aan alle Pukke: 'n aangename en suksesvolle jaar word u toegewens. Sterkte!

LEON WESSELS.

DIE STREWE NA SAMEWERKING

Aan die begin van nog 'n akademiese termyn is dit nodig om stil te staan by die ideaal wat geskep is en verwesenlik moet word binne die bestek van een of twee jaar. Dit geld vir plaaslike aktiwiteite sowel as vir die nasionale studentelewe.

Die huidige posisie van die Republiek korreleer met die op studentevlak in soverre die komende twee jaar van deurslaggewende belang sal wees ten opsigte van vele aspekte.

Toenemende studentetalle, groter koshuisgroepe en -lojaliteite, diverse denkrigtings en groter inslag van die sogenaamde „vrye denke" sal die aandag van studenteleiers op die plaaslike kampus vereis. Die strewe na 'n eenheidsgees gedra deur 'n unieke lewensstyl sal met hierdie aspekte gekonfronteer word. Die enigste antwoord lê opgesluit in 'n grondige belewing van die PUK-leuse.

Ook op nasionale en internasionale vlak sal die studentepolitiek sy regmatige tol eis aan aandag en besinning. Dit sal die Afrikaanse student se plig wees om die nodig leiding te gee en te neem. Tradisioneel was dit ook so.

Hierdie termyn se probleme en ideale verwag eerlike benaderings, energetiese pogings en daadwerklike medewerking. En hierdie dinge val nie uit die lug nie. Op studentevlak word sukses bereik deur studente as studente.

CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

Agente vir . . .

★ REVLON- EN RIMMEL SKOOHNEIDSMIDDELS

★ TABAC PREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens.

TEL. 4201 — TOMSTRAAT 92

Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.

Toestande in Brittanje

Mnr. T. J. (Johan) Kruger was die afgelope vakansie lid van die Abey Baillie-Beurs reisgeselskap wat Brittanje besoek het. Hy is tans dosent in die Fakulteit Regte en was verlede jaar voorsitter van die Studenteraad van die Universiteit.

Die Wapad het mnr. Kruger gevra om enkele kritiese gesigpunte aangaande sy reis in twee aflewerings op skrif te stel. Hy het op 27 Januarie van Brittanje af terug geheer en skryf:

„Die aard van 'n artikel soos hierdie vra om 'n kritiese analise plus definitiewe konkluderende stelling, eerder as 'n reisbeskrywing; enkele uitstaande fragmente eerder as 'n vae geheeloorsig. Daarom die vorm waarin dit aangebied word.

Die besoeker aan Brittanje word onmiddellik getref deur 'n al te ooglopende dualisme waarna populêr verwys word as die „generation gap". Enersyds die vashou aan tradisie deur die ouer geslag (wat dikwels ontaard in tradisionalisme en daarom aan revolusioniste 'n grondige argument vir die omverwerping van die „establishment" verskaf); andersyds die slagspreuke van die sogenamde nuwe moraliteit, 'n geroep om vrede, en talle bewegings wat gemaklik as antiiets bestempel kan word (waaronder anti-rasisme nie die onbelangrikste is nie). Hierdie verdeling blyk seker die duidelikste uit die kleredrag wat 'n mens teëkom; enersyds die tipiese Engelse gentleman met sy swart- of strepiespak, harde bolkuil en sambreel: andersyds die jongeres met hul maksi- of driekwart jasse en lang hare en snorre, die dames met hul loshangende (dikwels slordige) hare en stewels, en verder gekleed in of 'n maksi of 'n midi, gewoonlik van redelike somber kleur.

Brittanje is tans 'n land van nywerheidsonrus, iets wat byna onbekend is in Suid-Afrika. Die talle stakings van nasionale omvang — om van kleinere stakings nie eers te praat nie — getuig hiervan. Ons was gelukkig om die opspraakwekkende elektrisiteitstaking met 'n dag mis te loop, maar was byna die slagoffers van 'n staking deur lugrederye en baie beslis die slagoffers van die staking van poskantoorwerkers. Gedurende die eerste paar dae van laasgenoemde staking was daar 'n ophoping van ongeveer 6 miljoen posstukke per dag — waaronder ons waardevolle briewe van Suid-Afrika af!

Die stelling word dikwels gemaak dat die universiteite van 'n land tot 'n groot mate 'n spieëlbeeld is van wat in daardie land aangaan. As dit waar is — en dit is — bestaan daar 'n paar ontstellende feite aangaande morele standaarde in Brittanje. Universiteitskoshuise is byna deur die bank plekke waar mans en dames deurmekaar woon: die slagspreuk van „vrye liefde" vier tot 'n groot mate hoogty: pornografie kom vrylik voor: aborsies is gratis en word toegepas „as dit nie tot die fisiese of psigiese nadeel van die pasiënt sal strek nie": doofmiddels is gratis beskikbaar aan persone wat as verslaafdes geregistreer is. Wie sal ontken dat dit toonbeelde van verrotting en dekadensie is?

Studenterade se samestelling is geheel anders as die patroon wat ons in Suid-Afrika het. Die Studenteraad is dikwels die liggaam waar die mees linkses sitting neem en dit vervul die rol van 'n semi-politiese liggaam. Studente is baie gesteld op „inspraak" in die administrasie van die universiteite en het dan gewoonlik ook 'n aantal verteenwoordigers op die Raad en Senaat. Aan die Skotse universiteite is die voorsitter van die studenteraad glad nie 'n student nie, maar 'n persoon wat as gevolg van sy bekendheid (gewoonlik politieke bekendheid) van buite die universiteit verkies word. So 'n persoon is dan teoreties ook voorsitter van die Raad van die universiteit met die Rektor as ondervoorsitter.

Hoewel daar ook baie positiewe en mooi dinge van Brittanje gesê kan word, word die mooi tot 'n groot mate geneutraliseer deur dinge soos die enkele voorbeelde wat ek genoem het. Wat is dan nou die oorsaak, die grondrede hiervoor? Laat ek dit beantwoord aan die hand van 'n voorbeeld. Die bekende Duitse studente-revolusionis,

studentemening

Rudi Dutschke, se aansoek om 'n verlenging van sy verblyfpermit in Brittanje is onlangs geweier. Die gevolg was dat Dutschke moes vertrek. Die ganse Brittanje het gegons hieroor: in die Parlement moes die Minister van Binnelandse sake, wat vir die besluit verantoordelik was, bontstaan om redes te verstrek (die feit dat die onpartydige tribunaal wat so 'n aanbeveling aan hom gemaak het, grondige redes daarvoor gehad het, waarvan die meeste deur die Geheime Diens aan hulle verskaf is, het geen verskil gemaak nie); 'n partydige televisie-onderhoud van byna 'n uur is met Dutschke gevoer waarin hy as martelaar voorgestel is; les bes, 'n Arbeiderparlementslid het die bewering gemaak dat waar Dutschke nou in Denemarke toegelaat gaan word, dit 'n skande vir die Britse liberalisme is dat daar 'n land op aarde is wat meer liberaal as Brittanje is! Hierdie is na my mening die kern van die probleemsituasie waarin Brittanje hom bevind nl. die tradisionele Britse liberalisme wat in sy konsekwensie tot absurditeite gevoer word, waarvan die liberalistiese vryheidsopvatting die sprekendste voorbeeld is en wat lei tot verspottighede soos die leerstuk van „Human rights".

Ter afsluiting aanstaande week my indrukke van hoe die situasie in Brittanje ons in Suid-Afrika beinvloed."

DERTIEN INTREEREDES

'n Besondere bedrywige jaar sover dit inougerele redes betref lê in 1971 vir die P.U. voor die deur. In totaal sal dertien professore intreeredes lewer:

Prof. C. P. van der Walt, rektor van die Onderwyskollege — 12 Maart.

Prof. F. D. du Plooy, Dept. Duits — 26 Maart.

Prof. J. H. van Wyk, Dept. Interfakultere Wysbegeerte — 16 April.

Prof. M. J. H. du Plessis, Dept. Frans — 14 Mei.

Prof. J. J. Henning, Dept. Naturelle-administrasie — 4 Junie.

Prof. J. H. Grobler, Dept. Bodemkunde — 18 Junie.

Prof. N. J. Swart, Dept. Bedryfsekonomie — 6 Augustus.

Prof. P. J. Coetzee, Dept. Dogmatiek — 13 Augustus.

Prof. G. C. P. van der Vijver, Dept. Kerkreg en -Geskiedenis — 3 September.

Prof. H. J. von M. Harmse, Dept. Bodemkunde — 17 September.

Prof. G. M. Ballot, Dept. Kunsgeskiedenis — 1 Oktober.

Prof. J. L. Helberg, Dept. Ou-Testamentiese vakke — 8 Oktober.

Prof. C. N. Venter, Dept. Kultuurkunde — 22 Oktober.

Die inougerele redes vind almal in die Konservatorium saal plaas.

Uit die Woord

Ps. 71:17. **DIE PROFYT VAN SKRIFKENNIS.**

Op die oog af lyk Psalm 71 na 'n deel in die Bybel wat net vir ou mense geskryf is. Die digter van die Psalm, moontlik Dawid self, is wel iemand wat al oud geword het. Die ou man kyk egter terug in sy lewe en besing **die profyt van Skrifkennis.**

„O God, u het my geleer van my jeug af".

God het hom geleer; en God leer hom en ook ons deur sy Woord, deur sy Openbaring aan die mens.

So geld Psalm 71 nie alleen vir die oues van dae nie, maar vir almal, van watter ouderdom ookal. Die digter ken God al van sy jeug af; van toe af al leer God hom. En nog weet hy nie wanneer die geregtigheid en heil van die Here ophou nie. Hy ken nie die maat daarvan nie (vers. 15).

Hy ag homself gelukkig, begenadig, want die Here HERE is sy vertroue van sy jeug af. (vers. 5). *Dit is so belangrik om deur God geleer te word, reeds van die jeug af, dat die digter dit aan die volgende geslag wil vertel* (vers. 18). *Hulle moet die profyt van Skrifkennis besef.*

Ons is ook nog jonk. Menslik gesproke mag daar nog baie dae voorlê, waarin ons deur God geleer kan word. Net soos die Psalmdigter sal ons nooit te veel van God kan leer nie, nie eens in 'n lang leeftyd nie.

Ons kan egter byvoorbeeld vervolg en verdruk word vanweë ons geloof. God se Woord kan van ons weggeneem word. Wat ons egter dan reeds van Hom geleer het, kan niemand van ons wegneem nie. Dan besef ons die profyt van Skrifkennis.

Die grootste profyt van Skrifkennis, die allerbelangrikste wat God ons leer, is dat Hy self bevel gegee het om sy gelowige kind te verlos. (vers. 3).

Die waarde van Skrifkennis is daarom ten diepste ook verlossing in Jesus Christus.





Die eerstejaars kom by die Universiteit aan en daar word tougestaan voor die Administrasie om om uit te vind in watter koshuis gebly sal word. *Foto: Fotokuns.*



Die groot afpak by die koshuis. Pa, Ma, Sus, Boet en selfs Kleinboet moet help om die bagasie in te dra. *Foto: Fotokuns.*



Raad en inligting word word vrylik gegee. Hier gesels prof. D. P. Erasmus met die ouers van 'n eerstejaar. *Foto: Fotokuns.*



Die manne was mos so te sê almal verlede jaar in die Leër en wie kan kla dat hulle nie fiks is nie. Hier „ry" 'n groep fiets in die lug tydens die fiksheidstoetse gedurende die eerste week. *Foto: Fotokuns.*



Intussen is daar ook **geleentheid vir** ontspanning. Hierdie dames spook elkeen om 'n stukkie wors in die hande te kry tydens 'n gesellige bymekaarkoms. *Foto: Fotokuns.*

CACHET MODES
DIE DAMESWINKEL
bied u
SOMERMODES
wintermodes
ONDERKLERE
broekkouse
TOMSTRAAT 92

COLLEGIUM MUSICUM — AANDAG AAN ROMANTIEK

'n Baie interessante verskeidenheid word aangebied in die reeks van ses Meesterkonserte van 1971. Daar word ook soos gewoonlik 'n reeks Collegium Musicum konserte aangebied — met die klem op die Romantiek (ongeveer 1800-1900).

Die jaarprogram vir die Meesterkonserte sien soos volg daar uit:

Saterdag, 27 Februarie:

Sybil Michelow, 'n bekende Suid-Afrikaanse mezzo-sopraan, tans woonagtig in Londen, begelei deur die Suid-Afrikaanse pianis Lionel Bowman.

Vrydag, 30 April:

Pedro Soler, 'n ghitaarspeler wat reeds sukses op die internasionale konsertverhoog behaal het.

Saterdag, 5 Junie:

Die Wurttembergse Kamerorkes, wat as een van die mees vooraanstaande kamerorkeste in Europa beskou word.

Maandag, 23 Augustus:

Ensemble Vocale De Lausanne. Dit is 'n beroemde Switserse kamerkoor wat sy eerste besoek aan Suid-Afrika bring.

Saterdag, 4 September:

Claude Frank, (klavierspeler), wie se spel beskryf word as „ . . . deeply expressive, profoundly right in sentiment and washed with lyric poetry" (New York Herald Tribune.).

Donderdag, 14 Oktober:

Franco Gulli (viool), begelei deur sy vrou, Enrica Cavallo (klavier).

Die eerste, tweede, vyfde en sesde konserte vind plaas in die Konservatoriumsaal en die derde en vierde in die Totiussaal. Siesoenkaartjies is by die Konservatorium beskikbaar teen R6 vir volwassenes en R4.00 vir studente. Toegangspryse per konsert is 75 sent vir studente en R1.25 vir volwassenes.

Wat die Collegium Musicum konserte betref, word die volgende konsert hierdie kwartaal aangebied. Op 10 Maart word 'n klavieraand aangebied deur prof. P. J. de Villiers, Martie Koornhof, en Hennie Coetzee.



„Maltrapstreke uit Toeka se dae" — Ja, 'n toneel uit verlede jaar se Thaliatoerstuk.

Foto: Fotokuns.

‚MALTRAPSTREKE UIT TOEKA SE DAE'

— Thalia vol planne

„Maltrapstreke uit toeka se dae" is die tema van Thalia se produksie vir 1971. Daar word vanjaar afgesien van vollengte stukke en 'n letterkundige revue vol malligheid neem die plek daarvan in.

'n Kleurvolle dekorstel; fleurige kostuums; lekker musiek uit oupa en ouma se dae; klugte en gedramatiseerde volkspoësie is aan die orde van die dag. Die letterkunde dateer uit die beginjare van die Afrikaanse toneel en verteenwoordig figuur soos J. H. H. de Waal (van Johannes van Wyk-faam); Melt Brink (skreeusnaaks); F. W. Reitz en Pulvermacher.

Reitz se „Klaas Geswind en sijn Perd" word in 'n makabere mimikvorm aangebied; „Op Hartebeesfontein" (balke toe!) soos 'n Charles Chaplin-stilrolprent. Die kort, klugtige eenbedrywe van De Waal en Brink spot met alles vanaf vroue-emansipasie en vryerige dokters tot by selfsugte skoolmeesters.

Tussen alles deur ‚slaat' musiekmakers die kitaar, laat die stembande dreun en kap dit uit op maat van liedjies uit die oude doos, soos „Piet Maketees", „Jy kan maar vir my ou Vuiltrein sê", en die „Nonnaslied", As die laatnagolie brand, word die gehoor uitgenooi om saam te sing.

Ja-nee, Thalia wil vanjaar ‚konsert' hou soos nooit tevore nie. Die program beloof egter om aaneenlopend, vol variasie en sterk satiries te wees. Wie weet, dalk sluip die „Pink Panther" en „Snoopy" ook iewers in — in so 'n malnes is enige iets moontlik.

Die ‚malle' wat die toutjies trek is Abri le Roux wat verlede jaar as Trukspeler self kaperjolle uitgehaal het in lekkerlag stukke soos „Kinkels in die Kabel" en „Die Diender en die Daggaboom". Benewens die regie en beplanning van die program, ontwerp hy ook die dekor.

Die bewegings word uitgewerk deur 'n professionele akteur-danser, Errol Ross van Sukovs, bygestaan deur Anrie Myburgh, Abri se doedie.

Spelers? — Hier lê die kinkel in die kabel. Thalia is nou vir al sy nuwigheide op soek na toneelspelers; sangers; dansers; akrobate; komieklike ouens en doedies — almal wat iets snaaks op 'n verhoog kan aanvang. Dan is daar natuurlik nog die manne en maninne wat die orkesruimte moet vul met kitare, klavier, konsertina, tromme — selfs siter en luit, as jy wil.

En . . . o, ja, Juliemaand staan die geselskap se kop Kaap toe, waar die suidoos noord draai en hulle oor die Vrystaat terug Puk toe. Later miskien die Goudstad en 'n „grand finale" onder die Jakarandas.

PERKAMENTPRAATJIES

„If poets are not listened to,
the blame is theirs,
They speak unclearly and are lost
In their own psychic maze and the intricate game
of word own

(Manya Mannes).

Die mens slaan nie ag op iemand by wie hy nie aanklank vind nie — of die skepper van die gedagte 'n digter, skilder, beeldhouer of musikus is. In der waarheid geld hierdie beginsel vir elke vorm van kommunikasie.

Geskiedenis is 'n vorm van kommunikasie, want geskiedenis kan homself nie skryf nie. Geskiedenis is die sintese en interpretasie van die historiese feite deur 'n historikus. Voordat hierdie eindproduk nie oorgedra word nie, is daar nog nie sprake van Geskiedenis nie.

Wanneer die historikus begin skrywe, moet hy dus vir homself besluit of hy met wetenskap of kuns besig is. Dit raak die wese van die geskiedenis.

'n Maklike oplossing sou wees om die analitiese historiese metode as wetenskaplik af te baken, maar die geskiedskrywing as kuns beskou. Suiwer wetenskap is dit nie, want van wetmatigheid is geen sprake, en suiwer kuns ook nie, want anders as die kunstenaar is die historikus gebonde aan die historiese waarheid.

Maar die subjektiwiteit bestaan nie net t.o.v. die skryf van geskiedenis nie. Die mens as geheel staan in verhouding tot sy vak en die geestesstroming van sy tyd beinvloed sy geskiedbeskouing. Sy geskiedbeskouing is die historikus se kriterium wanneer hy die keuse van 'n studieonderwerp uit die wye veld van sy vak maak en wanneer hy besluit watter feite relevant is. Daar is gesê: „Omission is the essence of art"; dus, waar daar seleksie is is daar sprake van kuns.

Die stempel van die tyd word die duidelikste op die skryf van die historiese navorsing afgedruk. In die Middeleeue is die geskiedskrywing in die hande van priesters en monnike en word dit 'n handlanger vir teologie. Die Renaissance bring in sekere opsigte vernuwing en die geskiedskrywing word gesekulariseer.

Goeie styl en komposisie en suiwer taalgebruik word kenmerkend na aanleiding van die klassieke, maar loop later uit op retoriek — 'n onvermoë om gedagtes duidelik en eenvoudig uit te druk. Om antwoorde te bring op die vrae van die Hervorming, word vir die eerste keer navorsing gedoen vir dokumente. Die Aufklarung wou die geskiedenis vanaf die kuns wegruk na koue logika. Streng, rasioneel, analities en skepties het Voltaire sy vak benader. Na die Franse Revolusie keer die geskiedskrywing, net soos die letterkunde terug, in reaksie op die rasionalisme van die 18de eeu, na 'n romantiese tyd. Die klem val op Godsdiens, gevoelsverlede, nasionalisme en onderwerpe wat die volk raak en sy belangstelling prikkel. Maar in dieselfde tyd, maak Niebuikr die eerste kritiese studie van die bronne en bou Leopold van Ranke hierop voort om die hoogtepunt van wetenskaplike geskiedskrywing daar te stel nl.: om die geskiedenis te vertel „wie es eigentlich gewesen ist". Suiwer wetenskaplik, gewis, maar so gewigtig dat die leer daar geen sin aan het.

Hier vind die skeuring plaas tussen wetenskaplike werk en leesbare werk. Manmsen slaag bv. daarin om die ideaal te bereik in 'n samestelling van die twee.

Hierdie skeiding het homself ook in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing deurtrek, die geskiedskrywer as kunstenaar moet die interpretasie so oordra dat dit as produk van sy tyd verstaanbaar is. Vir elke volk en geslag is daar noodwendig 'n herinterpretasie van die geskiedenis as gevolg van die probleme en denkwyse van tyd en omstandighede.

Wanneer die klem dus ook op die kunsaspek van geskiedenis val, sal dit meer aanvaarbaar wees vir die volk. Theal en Preller het dit besef en hulle werke is gelees alhoewel baie wetenskaplike kritiek daarteen in te bring is.

Vandag bestaan 'n groot deel van die Afrikaanse geskiedskrywing uit droë, wetenskaplike, maar hoogs onverteerbare werke, wat die publiek nie wil of kan lees nie, en daarby soms oor onderwerpe wat nie die belangstelling prikkel omdat die verband met die hede nie aangetoon word nie. Die gevolg is 'n algehele gebrek aan belangstelling vir geskiedeniswerke. Die gewone man wat in geskiedenis belangstel wend hom noodgedwonge na die historiese roman, heelwat interessanter maar nie noodwendig histories korrek nie.

Geskiedenis het die mens as middelpunt — soos musiek en skilderkuns „therefor it should be written by the whole man, and it will not evoke a response unless it speaks a language as contemporary as that of other arts".

FLAMINGO PADKAFEE
Vriendelike mense
Flinke diens

TINAS MODEHUIS
TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM
★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE
★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD
★ ONS STUUR OP SIG UIT
★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE

KARLIE.. EN K..STEEL MAAK HUL STEM DIK

Karlien het met die intrapslag te kenne gegee dat hulle vanjaar 'n gedugte teëstander in interkoshuis sport gaan wees. Met 'n groottotaal van 82 punte het hulle 19 punte voor hulle naaste teenstander, Klawerhof, geëindig, tydens die Eerstejaars Atletiekbyeenkoms.

Kasteel met sy groot aantal inwoners het daarenteen 'n duidelike bewys gelewer dat hy vanjaar moeilik geklop gaan word toe hy 44 punte voor Over de Voor geëindig het.

'n Hele paar mooi vertonings is gelewer. Een P.U. rekord en ses byeenkomsrekords is geslaan, terwyl een rekord geëwenaar is.

Fanie van Zyl wat spesiale vergunning ontvang het om deel te neem, het getoon dat hy feitlik heeltemal van sy onlangse besering herstel het. Hy het die 1500 m. sonder inspanning gedraf en maklik voor Danie Gildenhuys geëindig, wat 'n tyd van 4 min. 3.8 sek. aangeteken het.

Ander uitblinkers was J. Munnik wat op 'n stadige baan in die 100 en 200 meter tye van 10.7 en 22.1 sek. behaal het. Charl van der Merwe het vir die enigste P.U. rekord gesorg toe hy die O/19-hamergooi gewen het met 'n gooi van 50.52 meter. Andries Krogman het in die 3000 meter 'n tyd van 8 min. 31.6 sek. en Esta Lass in die dames 100 meter 'n tyd van 12.4 sek. aangeteken terwyl I. Schoombee die dames gewigstoot met 'n afstand van 10.98 meter gewen het.

Die finale puntestand was soos volg:

Dames:

Karlien	82
Klawerhof	63
Heide	57
De Klerkhuis en Dorp	26
Oosterhof	18

Mans:

Kasteel	122
Over de Voor	78
Dawie du Plessis	57
Kompleks	52
Piet Groblerhuis en Dorp	37



Luit. Jos Sirakis.
Foto: Fotokuns.

Jos Sirakis by Sportinstituut

Die bekende atletiekafrigter, luitenant Jos Sirakis, vroeër van die S.A. Polisiekollege in Pretoria, is van 1 Februarie 1971 aangestel as voltydse sportafrigter by die Sportinstituut van die Universiteit.

Benewens die algemene organisasie van sport sal sy hooftaak wees om die P.U.-atletiekklub, wat reeds een van die sterkstes in die land is uit te bou tot nog groter hoogtes.

Jos Sirakis het sedert 1934 aktief aan atletiek deelgeneem en roem verwerf as veelsydige atleet wat onder andere die S.A. tienkamptitel verower het. In die vyftigerjare het hy hom aan aktiewe deelname onttrek en hom begin onderskei as uiters bekwame atletiekafrigter. In 1966 is hy gekies as eerste nasionale afrigter wat oorsee gaan en gevorderde afrigtingsmetodes in Europa en Engeland te bestudeer.

Luit. Sirakis is ook stigterslid van die S.A. Vereniging van atletiekafrigters en het die afgelope jare by talle leiers- en afrigterskursusse opgetree as afrigter. Hy het veral bekendheid verwerf met afrigting van groot atlete soos Gert Potgieter, wêreldkampioen oor die 440 tree hekkies. Elridge Landsdell, S.A. hoogspringkampioen, en nog baie ander bekende atlete.

Sy aanstelling aan die P.U. sal ook baie mechelp tot die algemene fiksheidspeil van die studente, en vir atletiek in Wes-Transvaal sal sy grondige kennis oor atletiekafrigtings van onskatbare waarde wees.

KRIEKETSPAN VERMORSEL KOVSIES

Die Pukke se krieketspan wat van 3 tot 8 Desember aan die interuniversitêre kriekettoernooi in Pretoria deelgeneem het, het hulle goed van hulle taak gekwyt en die B-afdeling gewen waaraan die universiteite van Potchefstroom, die U.O.V.S. Port Elizabeth en die R.A.U. deelgeneem het. Vir hierdie prestasie het hulle die Tobie Louw-trofee ontvang.

Hulle beste vertoning was toe hulle die Kovsies binne 45 minute vir 'n skamele 20 lopies uitgehaal het. Die telling van die Kovsies is die laagste telling wat 'n Universiteitsspan nog ooit in die geskiedenis van interuniversitêre kriekettoernooie aangeteken het. Die Pukke se antwoord op die 20 lopies was 233 vir 6 paaltjies. Die 233 lopies was die tweede hoogste op die toernooi en hulle wen Kovsies dus met 213 lopies.

In 'n ander wedstryd het die Pukke R.A.U. maklik met 71 lopies geklop. In hierdie wedstryd het die Pukke in 172 minute 214 lopies op die telbord geplaas en hulle teenstanders vir 143 uitgehaal. Teen Port Elizabeth was die Pukke ongelukkig om gelykop te speel. Nadat die Pukke in 205 minute 208/6 behaal het. was U.P.E. se antwoord met uitskeityd 156/9.

Nadat die Pukke vroeër die seisoen Tuks gewen het, het Tukkies die bordjies verhang en die Puk met 66 lopies geklop. Tukkies behaal 194/9 beurt gesluit verklaar en daarna haal hulle Pukke uit vir slegs 128 lopies.

Nico Breedt en Andre Laas was die grootste individuele uitblinkers. Albei het 13 paaltjies ingeoes, wat die tweede hoogste op die toernooi was. Albei is ook vir die S.A.U. B-span gekies.

Die finale uitslag van die toernooi was: Wits, Natal, Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad, Rhodes, Port Elizabeth, Stellenbosch, R.A.U., U.O.V.S.

Ses Medaljes vir Pukke

Die twee Pukke, Fanie van Zijl en Johan Hunter wat in die S.A.-atletiekspan na Argentinia verlede jaar ingesluit was, het met ses medaljes teruggekeer wat hulle op internasionale byeenkomste daar verwerf het. Fanie het vier goue medaljes ontvang en Johan twee.

Van Zyjl en Hunter kan heeltemal gelukkig voel met hulle prestasies oorsee. Die twee byeenkomste waaraan hulle deelgeneem het, was albei van 'n hoë standaard. Behalwe die Suid-Afrikaners en Argentyne wat deelgeneem het, was daar spanne van Chili, Brasilië, Italië, Frankryk en Columbia.

Fanie het gesê dat die toer van twee weke 'n grootste ondervinding was. Dit was veral 'n belewenis om Comodora Rivadavia, aan die suidpunt van Amerika te besoek. Hulle het daar talle Afrikaanssprekendes ontmoet wat almal afstammelinge is van Boere wat na die Tweede Vryheidsoorlog nie onder bewind van die Britse Regering in Suid-Afrika wou bly nie. Daar het die Suid-Afrikaanse Ambasadeur in Argentinië 'n onthaal vir die span gereël saam met die Suid-Afrikaners daar. Heerlike Afrikaanse liedjies soos Sarie Marais is by hierdie geleentheid lustig saam gesing.

Die span het ook ongure weer op die pad gehad. Sterk winde, wat kenmerkend aan die land is, het ook die span geteister. Voordat die span in Comodora Rivadavia aangekom het, het die wind vir dertig dae ononderbroke teen 'n spoed van 160 kilometers per uur gewaai.

Die atletiekbane daar vergelyk swak met die in Suid-Afrika. Die bane is swaar en dit is ook as gevolg van die reën.

Tien rekords spat op Dalrymple

Puk-atleet, Bea Marais, was verantwoordelik vir twee van die tien S.A.U.-rekords wat geslaan is tydens die onlangse Dalrymple-byeenkoms in Bloemfontein. Sy het in die 400 meter haar beste tyd opgestel deur dit in 55.9 sek. af te draf. In die 800 meter het sy ook vir 'n rekord gesorg toe sy dit gewen het in 2 min. 9.9 sek. teen 'n sterk wind.

Met verskeie van ons beste atlete soos Willie van der Westhuizen, Fanie van Zijl, Johan Hunter, Bennie Malherbe en Ettiene Schalekamp wat weens siekte en beserings nie beskikbaar was nie, het die Puk nogtans vierde in die mans en derde in die damesafdeling geëingig.

Pukke wat goed gevaar het, was Hansie Booysen wat die werpskyf- en gewigstoottitels gebuit het met afstande van 155' en 53' 6½" onderskeidelik. Detlev Holtzhausser het vir 'n nuwe S.A.U.-rekord van 24 min. 55.6 sek. gesorg in die 5000 meter stap. Hybrie de Lange het oudergewoonte die hoogspring gewen met 'n hoogte van 5' 3". J. Steyn en M. van Eeden het derde plekke verower in die hoogspring en spiesgooi, terwyl Ruanda Jacobs 'n vierde plek in die 100 meter en 'n derde plek in die 200 meter vir dames behaal het.

Die volledige puntestand was soos volg:

Mans:

Stellenbosch	100½
Pretoria	88
U.O.V.S.	75
P.U.	33½
Rhodes	24
Kaapstad	21
Natal	12
U.P.E.	6
R.A.U.	6
Wits	6

Dames:

Pretoria	72
Stellenbosch	68
P.U.	54
U.O.V.S.	39
Wits	14
Rhodes	10
Kaapstad	3

Eerste Neerlaag

Vervolg van bladsy 10

beurt. Hy het Saterdag sy oorstaantotaal van 36 n.u.n. met 'n verdere 12 lopies opgeskuif.

Dan was daar nog Fantie Loots se beurte van 13 en 25 wat onder die omstandighede waardevol was. Ook Kadot van Heerden met 15 n.u.n. en Eugene van Wyk met 13 het in die tweede kolfbeurt mooi vasgeskop, maar tevergeefs. Anton Welman (5/34) het ook met eer uit stryd getree.

Bouler Markus wat die besoekers se meeste boulwerk behartig het was die Pukke se vernaamste spyker in hulle doodskis. Hy spog na Saterdag met ontledings van 3/19 en 4/29.

Na Saterdag se fiasko moet die Pukke nou toon of hulle genoeg veggees het om in die vier weke wat voorlê teen Stilfontein en Dorp met hulle ou vorm terug te kom en die skaal weer in hulle guns te laat swaai.



Eerste Neerlaag vir Krieketspan

Die ergste het toe met die Pukke gebeur en hulle het in hulle wedstryd teen Strathvaal 'n verpletterende neerlaag gely. Die mynspan het hulle grootliks verneder en hulle met 'n beurt en 15 lopies verslaan. Dit is die Pukke se eerste neerlaag van die seisoen en dit is ook die eerste keer in 4 jaar dat hulle teen Strathvaal verloor.

Hierdie ontydige blaps op 'n kritieke stadium toe hulle amper alreeds seker was van die beker, kos hulle nou hulle voorste posisie in die liga wat hulle met soveel moeite opgebou het. Net 'n snaakse wending in die oorblywende twee ligawedstryde kan hulle nog die liga laat wen.

Hoe het dit dan gekom dat die voorlopers die onderspit in die ergste graad moes delf? Daar is nogal heelwat te sê oor hierdie vraag. Die studente moes natuurlik die wedstryd aanpak sonder vier van hulle gereelde staatmakers wat voorverlede Saterdag vir Wes-Transvaal moes speel en dus ook nie verlede Saterdag beskikbaar was nie. Strathvaal was egter in dieselfde bootjie tot 'n groot mate en hierdie argument moet verval.

Die belangrikste rede is waarskynlik dat die Pukke met net tien spelers die wedstryd moes deurspeel. Die eerste Saterdag het hulle kaptein Andre Laas se naam opgegee met die doel om hom verlede Saterdag te aat speel. Dit was egter vir hom Saterdag onmoontlik om te kom speel en toe sit die studente met 'n plaasvervanger wat nie toegelaat is om te kolf nie.

In albei beurte het hulle toe net 10 kolwers gehad. As Laas daar was sou hy ten minste 'n opvolgbeurt afgeweer het en die wedstryd sou net op die eerste beurt beslis gewees het.

'n Verdere nekslag vir die Pukke was drie been-voor-paaltjie beslissings wat Saterdag van hulle beste kolwers paviljoen toe gestuur het.

Strathvaal het 'n eerstebeurttotaal van 188 lopies daargestel waarop die Pukke met 99 en 74 geantwoord het. Dit was jammerlik onvoldoende, nie eers genoeg om 'n beurtnederlaag te voorkom nie.

Uit hierdie statistiek kan mens aflei dat die studente sommer boedel oorgegee het. Al die spelers het egter nie summier handdoek ingegooi nie. Daar was byvoorbeeld Christo van der Walt se vegtersbeurt van 48 lopies in die Pukke se eerste

Vervolg op bladsy 9.

SO WORD DIT GEDOEN . . .



Hier beduie Richard Langridge (voor) aan 'n Puk hoe die bal geslaan moet word. Langridge is afrigter van Puk se krieketspan en voormalige M.C.C.-speler.
Foto: Fotokuns.

STAND VAN DIE KRIEKETLIGA

Na die Pukke se ineenstorting teen Strathvaal het die Wes-Transvaalse eerste krieketliga nou 'n interessante wending geneem. Strathvaal skuif op na die eerste plek, Universiteit af na die tweede plek, Dorp verbeter sy posisie tot die derde plek en Stilfontein moet met 'n vierde plek tevrede wees.

Met agt van die tien wedstryde agter die rug, staan sake in die eerste liga nou so:

Strathvaal	37
Universiteit	35
Potch-Dorp	32
Stilfontein	31
Klerksdorp	18
Western Reefs	5

Enige van die eerste drie spanne kan nog bo eindig. Die wedstryd tussen Dorp en Strathvaal wat eerskomende Saterdag begin, gaan ongetwyfeld die tuiste van die beker tot 'n groot mate bepaal. As Strathvaal maar net op die eerste beurt wen is hy feitlik verseker van die trofee vir 1971.

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.

PIKKEWYN MALAN VERRAS — S.A.U. TENNIS

Puk se mans- en damestennisspanne het goed gevaar op die onlangse S.A.U.-tennistoernooi in Pretoria. Die spanne het sesde en vierde onderskeidelik geëindig uit die tien Universiteite wat deelgeneem het.

Die mansspan het hulle wedstryde teen U.O.V.S. (4-1), Rhodes (4-0), U.P.E. (4-0) gewen en teen Natal (1-4), Kaapstad (0-4), Pretoria (1-4), Stellenbosch (0-4) en Wits (0-4) verloor.

Die damesspan het baie beter gevaar en het hulle wedstryde teen U.P.E. (4-0), Rhodes (5-0), U.O.V.S. (5-0), Wits (4-1) gewen en teen Natal (3-3) gelykop gespeel. Teen Stellenbosch (0-4), Pretoria (2-4) en Kaapstad (0-4) het hulle verloor.

Onder die mans het Pikkewyn Malan deurgaans goed gespeel en vir een van die grootste verrassings op die toernooi gesorg toe hy daarin geslaag het om die nommer een speler van Pretoria, te klop. Hy is ook aangewys as reserwe vir die mans Proteaspan.

Van die dames wat baie goed presteer het was Heloise Burger en Retha Smith. Heloise is slegs een keer geklop op die toernooi, en dit was deur Mynie van Zyl, jonger suster van Springbok Anette du Plooy. Sy het ook die Proteaspan gehaal. In die Proteaspan se wedstryd het Heloise ook daarin geslaag om haar wedstryd te wen.

Die finale uitslae van die toernooi was as volg:

Mans:

Wits, Stellenbosch, Pretoria, Kaapstad, Natal, P.U., U.O.V.S. Rhodes, U.P.E.

Dames:

Stellenbosch, Pretoria, Kaapstad, P.U., Wits, Natal, U.O.V.S. Rhodes, U.P.E.

U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

Nou oop

DIE LUUKSTE MODERNSTE NUUTSTE

W. P. MANSHAARSALON



PIET DE JAGER

nooi alle studente uit om hom voortaan hier te besoek

Luggereël vir u gerief

W. P. Manshaarsalon

LEWIS ARKADE — REGOOR 20th CENTURY TEATER